## DIE FONDASIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie


KONTAKBESONDERHEDE

**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


ACIM: Stad 13/5 en Kolping 9/5
Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10
Geskiedenis van die Bybel: Mei 2019

**BOEKGROEP**
**Maandag: 6 Mei 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail____________________________________ Sel______________________

ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM
## 5 MEI 2019
## REBOOT YOUR LIFE
## ~ BEGIN BY DIE BEGIN ~

## STILTE IN DIE KAPEL

~ THROUGH THE NIGHT MIST — VANGELIS ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ons maak ons harte rustig
En ons gedagtes ontvanklik
Om die beloftes van herstel,
Herlewing en hernuwing te hoor —

"So sê die Here, Hy wat die aarde gemaak
**en so gevorm het dat dit nie wankel nie,**
**wie se Naam Here is: Roep My aan,**
**Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot**
en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie."

— Jeremia 33:2-3

## STILTE VAN BINNE

# ☙ REBOOT YOUR LIFE: wedergeboorte/bekering ☙

## 1. BESLUIT WAT IS BELANGRIK EN WAT IS NIE

Kultiveer 'n **onderskeidingsvermoë** wat emosioneel, intellektueel, en spiritueel sinvol is sodat ons kan onderskei tussen wat sinvol en onsin is — laat los aan al die skuldgevoelens en vrees wat geketting aan jou enkels saamgesleep word. Laat los die aannames en veralgemenings sodat ons vry is om te doen wat ons móét doen.

### MY-CHOICE-FOR-CHANGE-REBOOT

**"Julle moenie aan hierdie ~~sondige~~ wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur jul denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."** (Rom 12:2)

---

## 2. KOM UIT DIE LOOPGRAAF VAN JOU GEUT

Kultiveer 'n **onderskeid** tussen eentonige roetine en 'n reënboog roeping; tussen *same-old-same* en vernuwing wat gebore word uit ons *compassion & devotion ...*

Waar die lewe in 'n groef verval, word sensitief bewus van waar jy betrokke kan raak en 'n verskil kan maak. Verruil die *tragedie* vir *triomf* — die *victim-mentality* vir *victorious-abilities — be a warrior and not a worrier*.

### MY-CARE-AND-COMPASSION-REBOOT

**"Therefore, as God's chosen people, holy and dearly loved, clothe yourselves with compassion, kindness, humility, gentleness and patience."** (Col 3:12)

---

## 3. BEGIN BY DIE BEGIN

***Be MINDFUL to have a MEANINGFUL life!*** Elke rivier word gebore uit die oseaan en gaan terug na die oseaan. Wees dapper en moedig met die stroomversnelling en watervalle. Elke nuwe begin veronderstel 'n einde van iets, en alhoewel ons nie van-voor-kan-begin nie kan ons 'n nuwe-einde skryf. Dit is 'n besluit — liefde is 'n keuse, vrede is 'n keuse, vreugde is 'n keuse. Dit vra stiltetyd en 'n toewyding in afsondering om na jou *'Inner* Voice' te luister.

### MY-ONE-HOUR-PER-DAY-REBOOT

**"Wanneer jy bid, gaan na die stilste vertrek in die huis en maak die deur agter jou toe sodat jy daar in jou afsondering tot jou Vader kan bid. En jou Vader wat alles weet, sal jou beloon."** (Matteus 6:6)



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ DEMAIN C'EST TOI — ZAZ ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob,*
*wat jou gevorm het, Israel:*
*Moenie bang wees nie, Ek verlos jou,*
*Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*
*As jy deur water moet gaan, is Ek by jou,*
*deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie;*
*as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie,*
*die vlamme sal jou nie brand nie,*
*want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder.*
*Moenie bang wees nie, Ek is by jou.*
*Ek bring jou kinders van die ooste af,*
*Ek maak hulle bymekaar van die weste af,*
*Ek sê vir die noorde: Gee! vir die suide: Moet hulle nie terughou nie!*
*Bring my seuns van ver af, my dogters van die uithoeke*
*van die aarde af, elkeen wat na my Naam genoem word,*
*elkeen wat Ek geskep het tot my eer,*
*wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het.*

***— Jesaja 41:1-3[a], 5-7 —***

---

# Be the Awareness of the Presence of God

~ CANCION TRISTE — JESSE COOK ~